



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 26 Mei – Handeling 16 : 9-15

Stil word en aanbidding: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Vertel van 'n keer toe jy besef het dat die Here die hele tyd in die agtergrond aan die werk was. Lees Psalm 67 as 'n gebed. Op watter maniere beleef jy die Here se seën?

Woord: Paulus se reisplan is om die hoofweg vanaf Antiogië in Pisidië af na Efese, die hoofstad van die Romeinse provinsie, Asië te volg. Waarskynlik om daarna die ander groter stede van westelike Klein-Asië te besoek. Die Heilige Gees het Paulus egter verhinder om hierdie reisplan te volg. By die grens van Misië, 'n deel van die provinsie Asië, met Bitinië aan die oostekant, speel dieselfde gebeure af: die Gees van Jesus verhinder hulle om na die provinsie van Bitinië te gaan met stede soos Nicea, Nikodemië en Chalcedon met aansienlike groot Joodse bevolkings. Die Gees stuur hulle in 'n westelike rigting deur Misië om by Troas uit te kom. Troas was 'n belangrike hawe van Klein-Asië en op die hoofroete na Masedonië. Troas was die plek waar Alexander die Grote in die vierde eeu vC aangekom het en aangedui het dat hy die hele Asië aan Griekse heerskappy wil onderwerp. In die jaar 49 nC, staan Paulus in diens van 'n ander Koning, Jesus Christus en sy uitbreidende koninkryk. Lees Handeling 16 : 9-15.

Gesprek

1. Lees vers 13 weer aandagtig. Wat leer ons oor Paulus-hulle? Hoe voel jy oor Christene se verantwoordelikheid om die evangelie met ander te deel? Hoe doen ons dit? Wat maak dit moeilik?
2. Jy sit by 'n etenstafel waar iemand sê: "*ek dink nie dis reg dat Christene hulle geloof probeer afdruk op Jode, Moslems, Hindoes en ander gelowe nie.*" Iemand anders antwoord, "*is dit dan nie juis wat Paulus gedoen het nie?*" Hulle wil by jou weet, wat dink jy hieroor?
3. Wat leer ons oor Lidia? In verse 14-15 kry ons 'n paar leidrade. Hoekom is dit betekenisvol? Watter belangrike geloofsgewoonte leer ons by Lidia (vers 15)? Hoekom is dit belangrik? Op watter maniere kan ons hieraan uitvoering gee?
5. Wys vir mekaar op Paulus-hulle se reaksie op die gesig. Deel met mekaar die belangrikheid om gehoorsaam te reageer op die aanwysings wat die Here vir julle as Jesus-volgeling deur Sy Woord en Gees gee. God werk op verrassende wyses. Wys vir mekaar op dit wat die Here doen met die vrou en Lidia, 'n heidense vrou uit Tiatira, wat die Joodse geloof aanvaar het.

Doen dinge : *Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).* Praat met die Here oor jou begeertes en vrese op die pad van navolging agter Jesus aan. Waartoe, dink jy, wil die Here jou lei?

Afsluiting: Bid vir mekaar ... dat ons getrou sal wees as Jesus se getuies in ons elke dag-lewe.